# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

## Setswana 310 (STW 310)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Geesteswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 30.00 |
| **Programme** | BA Geesteswetenskappe |
| | BA Regte |
| | BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys |
| **Voorvereistes** | STW 210, STW 220 sal vereis word van studente wat STW 110, STW 120 op jaarvlak 1 voltooi het en AFT 220, STW 211 sal vereis word van studente wat AFT 121, STW 111 op jaarvlak 1 voltooi het. |
| **Kontaktyd** | 1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Afrikatale |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Setswana-grammatika – Capita selecta
Aspekte van die grammatika van Setswana, soos ’n voortsetting van die studie van die woordkategorieë; grammatiese ontledings; meer intensiewe bestudering van die struktuur, betekenis en gebruik van die naamwoord (spesifiek afgeleide naamwoorde) en die werkwoord (spesifiek modale kategorieë en werkwoordagtervoegsels); ’n inleiding tot die klankveranderinge/fonologie van Setswana. Die verwerwing, inoefening en inskerping van gevorderde kommunikatiewe vaardighede binne ’n groter aantal sosiale, beroepsgerigte en opvoedkundige situasies. Woordeskat en die aanleer en gebruik van gevorderde taalstrukture word verder uitgebrei. Die bewustheid van die aard en funksie van taalstrukture word verhoog. Aandag word ook aan kulturele verskynsels gegee.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.